Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# GALASIËRS - WERKLIK VRY

Deel 3 – Lewe van Genade

**Galasiërs 5:1** Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees…

## Menslike Krag

**Galasiërs 3:1-3(NLV)** O, dwase Galasiërs! Wie het julle getoor? Christus is dan só duidelik vir julle beskryf dat julle Hom as't ware aan die kruis kon sien hang! [2]Ek wil net dit vir julle vra: Het julle die Gees ontvang deur die wet te onderhou of deur te glo wat julle gehoor het? [3]Hoe kan julle so dwaas wees? Wil julle dit wat die Gees in julle begin het, nou uit eie krag probeer klaarmaak?

**Galasiërs 3:10** Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie."

**Jakobus 2:10** As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie.

- Die wet kon nie ____________________ word nie.

**Galasiërs 3:19** Watter doel dien die wet dan?

- Die wet lei ons na ____________________ toe.

**Galasiërs 3:24-25** Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word. [25]Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie.

**Galatians 3:24(TPT)** The law becomes a gateway to lead us to the Messiah so that we would be saved by faith

**Galasiërs 3:24(AOV)** Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.

## Lewe van GENADE

1. Genade is 'n gratis ______________________.

**Romeine 6:23(NLV)** Want wat die sonde uitbetaal, is die dood. Maar God se genadegeskenk is die ewige lewe wat ons deel word deur Christus Jesus ons Here!

*WAT?*

2. Genade is beskikbaar vir ______________________.

**Romeine 10:13** want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

*WIE?*

3. Genade is ______________________.

**Johannes 1:17** God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

**Romeine 5:15** …maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk.

**Handelinge 4:12** Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.

*WAAR?*

4. Genade verander jou in 'n ______________________.

**2 Korintiërs 5:17** Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

**Titus 2:11-12** Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe

*UITWERKING?*

5. Genade word ontvang ______________________.

**Efesiërs 2:8** Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof.

*HOE?*

6. Genade is vir ______________________.

**Johannes 3:16** God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

*HOE LANK?*